Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Julian Gordon**
Direktoraat: Diensvoordele
Julian.Gordon@westerncape.gov.za | 021 467 2876

Lêerno.: 3/3/2/4/3
Verwysing: 20240227-2007

Omsendbrief: 0007/2024
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: IGLOO-koördinering en -advies, amptenare by Hoofkantoor en distrikskantore, Prinsipale, Opvoeders en Onderwysondersteuningspersoneel

Kort opsomming: *Riglyne om prinsipale by te staan met die bestuur van skoolgebaseerde opvoeders se verlof, soos uitgereik deur die Direkteur-generaal van die Departement van Basiese Onderwys (DBO) en vir verspreiding aan alle skole.*

**Onderwerp: Riglyne vir prinsipale rakende die bestuur van skoolgebaseerde opvoeders se verlof**

1. Tydens die oudit van die sektor het die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA) bevind dat die bestuur van skoolgebaseerde opvoeders se verlof in provinsiale onderwysdepartemente oneffektief was. Spesifieke bevindinge van die OGSA sluit die volgende in:
   (a) Opvoeders neem meer dae siekteverlof as dit waarop hulle volgens hul siekteverlofbedeling geregtig is.
   (b) Opvoeders is afwesig van skole sonder om verlofvorms in te vul.
   (c) Opvoeders vul nie daaglikse bywoningsregisters in nie.
   (d) Daar is gevalle waar opvoeders vir verlengde tydperke verlof neem weens swak gesondheid, maar nie gebruik maak van tydelike ongeskiktheidsverlof, soos uiteengesit in die Beleid oor Ongeskiktheidsverlof en Aftrede weens Swak Gesondheid (PILIR), 2021, nie.

2. As deel van hul respons aan die OGSA oor die bestuur hiervan, het die DBO hulle daartoe verbind om riglyne te verskaf oor die bestuur van skoolgebaseerde opvoeders se verlof. Hierdie riglyne teiken die prinsipaal as die bestuurder wat op skoolvlak aanspreeklik is vir hierdie funksie.

3. Hoofstuk H van die Personeeladministrasiemaatreëls (PAM), 2022, dek die meeste van die verlofbepalings wat op opvoeders van toepassing is. Voorts dek die PILIR, wat 'n transversale beleid vir die staatsdiens is, tydelike en permanente ongeskiktheid. Die riglyne moet daarom saamgelees word met die PAM en die PILIR.

4. Die riglyne wysig nie die bestaande regulasies nie, en stel ook nie enige nuwe beleidsbepalings of praktyke in nie. Dit het voorts ook nie ten doel om die verantwoordelikhede van die prinsipaal, waarvoor daar in die goedgekeurde posbeskrywings in die PAM en tersaaklike kollektiewe ooreenkomste voorsiening gemaak word, te verander of te wysig nie.

5. Die bevindinge van die OGSA dui verder daarop dat dit nodig is om die monitering van die implementering van die verlofbeleid deur diegene wat op kring-, distriks- en Hoofkantoor-vlak daarvoor verantwoordelik is, te verskerp. Die DBO verwag daarom dat hierdie inisiatief aangevul sal word deur verskerpte monitering, ondersteuning aan skole en die implementering van gevolgebestuur in gevalle waar bevind is dat prinsipale en/of opvoeders hulle aan nienakoming skuldig gemaak het.

6. Hierdie riglyne is bloot bedoel om bykomende leiding te gee, of kan as verwysingsmateriaal gebruik word om die implementering van bestaande beleide en regulasies te fasiliteer. Die Direktoraat: Diensvoordele van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) bied egter ook 'n driedaagse opleidingskursus by die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut aan. Hierdie kursus is gemik op nuut aangestelde prinsipale en skoolbestuurspanne (SBS'e) en handel onder meer oor die bestuur van verlof en chroniese afwesigheid. Ses driedaagse opleidingsessies is vir 2024 geskeduleer. Die bywoning van hierdie opleidingsessies sal 'n positiewe bydrae lewer om stabiliteit in skole te verseker.

7. Soos deur die Direkteur-generaal van die DBO versoek, versprei die WKOD hiermee die aangehegte riglyne aan alle skole in die departement ten bate van alle prinsipale. Toepaslike verlofdokumente, vorms en video's is ook op die WKOD se webwerf beskikbaar vir SBS'e en ander werknemers. Die regstreekse skakel is: https://wcedonline.westerncape.gov.za/directorate-service-benefits

**GETEKEN:** B WALTERS<br>
**HOOF: ONDERWYS**<br>
**DATUM:** 2024-03-08